# Christus vervul vir ons die wet

Ds. PJ Kriel 21.01.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus God se wet vir sy kerk vervul. Hy maak dat ons weer vir God volgens sy wet regtig reg kan lief hê. Christus het ons niks nuuts oor die wet van God of oor liefde vir God en ons naaste kom leer nie. Hy het nie gekom om ons iets te leer nie maar om vir ons te kom doen wat ons nie kan doen nie – die wet vervul. Goddeloses skep vir hulle afbeeldings van God omdat hulle afbeeldings hulle bevry van liefde vir God volgens sy wet. So skep elke geestelike vandag vir hulle nuwe Jesusbeelde om aan die eis van God se wet te ontkom.

Skriflesing Matteus 5: 11 – 20. Exodus 32: 1 – 6.

Teks Mat. 5: 17 "Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul."

Tema Christus vervul vir ons die wet.

1. Ons gaan 'n paar keer kyk na hoe Jesus Christus ons op 'n nuwe wyse aan God se wet, die Tien Gebooie verbind. Jesus Christus is die Here wat die wet gegee het en aan die wet weer sy volle betekenis in ons lewe gee. Hy vervul vir ons die wet.

Die Here stel dit duidelik in Mat. 5 dat Hy nie gekom het om enige deel van die wet van God te verander nie. Nie een jota of titel nie, beteken Jesus Christus verander nie een letter van een woord in die Tien Gebooie nie. Jesus Christus het nie gekom om ons enige iets nuuts oor die Tien Gebooie te kom leer nie. Hy as Here het die volle betekenis van die wet al reeds in die Ou Testament volkome bekend gemaak.

Dit sien ons duidelik in die verskil tussen twee woorde: vervul en saamgevat. In Matteus 5: 17 stel die Here Hy het die wet kom vervul maar in Mat. 22: 34 – 40 gee die Here die samevatting van die wet. Dit is heeltemal twee verskillende sake: wetsvervulling en die samevatting van die wet.

Christus vat in Mat. 22 die bedoeling van elke gebod saam as liefde. Elke reël in die Tien Gebooie se inhoud en bedoeling wys hoe regte liefde regtig lyk: regte liefde vir God met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag, en regte liefde vir jou naaste soos vir jouself. Dit is die samevatting van die inhoud en bedoeling van elke gebod in die Ou Testament.

Dit is 'n diep dwaling, en juis die dwaling wat ons in hierdie preke wil aanspreek, dat dit in die Ou Testament kamstig net oor uiterlike reëls sonder liefde sou gaan en dat Jesus kamstig sou kom wys het dat dit oor innerlike liefde en nie uiterlike reëls sou gaan nie.

Jesus het niks aan die inhoud of bedoeling van die wet kom verander nie. Hy gee die samevatting oor die wet van die Ou Testament in Mat.22. Die bedoeling van die wet om God met jou hele hart lief te hê, is reeds in Deut.6: 5 openbaar en jou naaste soos jouself in Levitikus 19:18. Christus se samevatting van die wet as liefde, is wat God reeds in die O.T. openbaar het. Christus se samevatting van die wet wys en leer niks nuuts oor die wet en liefde nie.

2. Christus het ons nie iets nuuts kom leer oor liefde wat nie in die Ou Testament openbaar was nie. Christus het gekom om te doen wat ons nie met ons liefde kan doen nie. Christus het deur sy lyding, kruisiging, dood en opstanding gekom ons ons en ons liefde vir God reg te maak en reg te laat wees vir God. Sy verlossing is om ons so aan die wet van God te verbind – reg gemaak om regtig reg lief te hê volgens God se wet.

Die regte probleem met God is nie dat ons nie weet God se wet bedoel en eis regte liefde nie. Dit is dat mense God en hul medemens nie so wíl liefhê nie. Mense wil dat God hulle so liefhet  dat Hy hulle aan die inhoud en bedoeling van regte liefde vasbind nie. Mense wil ‘n ander liefde leef as die liefde wat God gee en eis.

Dit is die onthulling wat plaasvind in die volk Israel se maak en aanbidding van die goue kalf. Hulle soek die vryheid om hulself te wees soos hulle hul self wil wees, nie die vryheid om in God se liefde te leef en mense volgens God se bedoeling regtig reg lief te hê nie. Die goue kalf was Israel se manier om hulle van God se liefde en sy eis van liefde te bevry. Dit is die absolute kontraste en ironieë wat openbaar word in hulle poging om hulself van God se liefde te bevry nadat Hy hulle van die onderdrukkende mag van die afgode in Egipte bevry het.

Die kontraste en ironieë wys eerstens in hulle versoek aan Aaron: “Komaan, maak vir ons gode wat voor ons kan uitgaan!” Kyk mooi – nie maak vir ons ‘n god nie, maar maak vir ons gode, meervoud. Aaron het net een goue kalfie gemaak, maar met die een afgod is hulle wens vervul om gode te aanbid: vir hierdie een kalfie sê hulle: “Hier is die gode wat ons uit Egipte gelei het.” (Ex.32: 4 1953, 2020 vertalings)

Hulle bedoeling werk só! Deur een afgod van God te maak en een afgod in God se plek te aanbid, is hulle nou vry om soveel afgode maak en te aanbid soos wat hulle wil. En hulle het dit van hier af aanhoudend gedoen  - Israel vir 500 jaar lank en Juda vir 700 jaar lank. Met hierdie een afgod het hulle hulself nou net soos alle ander nasies gemaak – hulle het hulself van die Een en Enige God met een wet wat hulle van die onderdrukkende mag van afgodsdiens bevry het, met een afgod bevry.

3. Die kontras wat in Israel se maak van ‘n bulkalf as ‘n god onthul word, wys in Ex. 19: 3 - 6. God het hulle op arendsvlerke deur alle gevare gedra en na Hom gebring sodat hulle God se persoonlike eiendom kan wees en hulle vir Hom ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie kan wees. Hulle verdraai God se bedoeling met hierdie kalf só: ons maak God wie Hy is en ons sal God op ons arendsvlerke dra en Hy sal ons begeertes gedienstig wees.

Nog ‘n kontras wys in wie hulle die eer gee vir hulle uittog onder die mag van Egipte. Hulle verklaar Moses het hulle uit Egipte gelei. Wie sê dit? Hulle wat self gesien en beleef het hoe dit God was wat die Tien plae gegee het om hulle te bevry, hulle kinders van die dood van die tiende plaag gespaar het, hoe God hulle deur die Rooi See laat trek het, hoe God vir hulle brakwater soet water gemaak het en kwartels uit die hemel en mana uit die grond as kos gegee het.

Kyk wat sê hulle vir die afgod wat hulle gemaak het! “Dit is jou gode wat jou uit Egipte gelei het.” Niemand van hulle kon enige iets self geglo het wat hulle vir die kalfie gesê het nie. Alles wat God hulle gedoen het was voor daar so kalfie gemaak

was. Hulle optrede is ook nie uit enige onkunde oor God se sorg, liefde en trou nie want hulle het dit self gesien en beleef. Wat hulle met die kalfie doen is wetende, doelbewuste en berekende ontgoddeliking en ontheiliging van God – alles wie God in sy liefde vir hulle was, skryf hulle toe aan hulle eie handwerk, hulle selfopgemaakte God om so die eer van God vir sy liefde en trou te ontneem.

Hulle wil gode hê, nie die Een en Enige God se liefde nie. Hoekom nie? Wat sou fout wees in sy liefde? Daar was geen fout in die liefde waarmee God hulle deur die Tien plae bevry het, deur die Rooi See gelie het, met water en kos in die woestyn versorg het nie.

Wat God gedoen het wat volgens hulle 'n fout was, was om hulle aan sy wet te verbind. Hulle het presies geweet waarheen Moses gegaan het en waarmee Hy na hulle sou terugkom. In Exodus 19: 8 verklaar hulle dat hulle alles wat die Here in sy wet vir hulle gaan sê, sal doen. Maar toe Moses die wet gaan haal het, het hulle hul kans gesien om weg te kom van God se wet. Hulle wil nie God in sy liefde waarmee Hy hulle gelei en versorg het, ken nie want hulle wil nie aan sy wet gebind wees oor hoe hulle God en hul naaste moet lief hê nie. Hulle wil bevry word van swaarkry en onderdrukking, nie bevry word om in liefde te leef en lief te hê nie.

4. Deur die beeld wat Israel van God gemaak het in die vorm van 'n bulkalf het hulle hulle self bevry van God se liefde en hulle liefde vir God. Met hulle eie godsbeeld misken hulle alles wie God in sy liefde vir hulle is en vir hulle met die uittog uit Egipte gedoen het. Met hulle godsbeeld het hulle alles wat God vir hulle gedoen het aan hulle self en hul eie kragte toegeskryf – nou kan hulle glo hulle het self uit Egipte getrek en hoef nie meer te glo dat God hulle uit Egipte gered het nie. Met hierdie godsbeeld vier hulle hul godloosheid as hul aanbidding van God – hulle god het nie gebooie nie. Hulle soek nie liefde volgens God se gebooie nie. Liefde word nie as liefde aanvaar nie want dan is jy aan liefde gebind.

Dit is soos met kinders. Jy versorg hulle, voed hulle, klee hulle, beskerm hulle, huisves hulle en bewaar hulle binne in jou liefde. Hulle neem 'n houding in dat alles wat jy in jou liefde vir hulle doen, is maar net hoe dinge is en moet wees. Hulle verontmenslik jou liefde omdat hulle nie in jou liefde gebind wil wees aan hoe jy liefde verwag nie. So ontgoddelik mense God in sy liefde met godsbeelde wat geen wette het nie.

Wanneer Jesus Christus verklaar dat Hy nie gekom het om die wet te kom verander nie, dan openbaar die Here dat Hy nie gekom het om vir godlose mense of Aaron of hulle goue kalfie te kom wees nie. Daarmee verklaar die Here dat Hy God is wat ons van sonde kom verlos sodat ons in God se liefde Hom kan lief hê volgens sy wet. Omdat Christus ons insluit sy vervulling van die wet kan ons onsself vreesloos verbind tot liefde volgens sy wet – want ons oortredings word ons nie toegereken nie en ons gebrekkige liefde word deur God as volkome aanvaar. Christus skaf nie die wet van God af vir goddeloses nie. Hy vervul die wet vir hulle wat sy liefde glo.

Ons moet na twee tekste kyk oor hoe vervul Christus vir ons die wet. In Ex. 19: 5 en 6 openbaar die Here hoekom Hy hulle verlos het en vir hulle sy wet gaan gee só: "As julle dan nou getrou luister na my stem en my verbond nakom, sal julle onder al die volke my persoonlike eiendom wees, al behoort die hele aarde aan My. Vir My sal

julle ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees.” Die apostel Petrus beskryf hoe Christus vir ons die wet vervul met presies net hierdie verse uit Exodus 19 in 1 Petrus 2: 9, 10 “Julle egter is “’n uitverkore geslag”, “’n volk wat aan God behoort”, “sodat julle die deugde kan verkondig” van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot die wonderbare lig – julle wat eers nie ‘n volk was nie, maar nou volk van God is; wat eers nie ontferming ontvang het nie, maar nou ontferming ontvang het.” Christus se genade maak ons wat Israel nie wou wees nie.

5. Jesus Christus word vandag deur geestelikes die kerk se bulkalfie gemaak – hulle skep hul eie Jesus-beelde wat mense van God se wet bevry. Met hierdie Jesus - beelde word hulle Aaron vir die kerk van die Here. Hulle skep Jesusbeelde wat so klink: “Jesus is bevryding, Jesus is net liefde, Jesus is hoop, Jesus is gesondheid, Jesus is rykdom, Jesus is krag, Jesus is versoening! Hierdie Jesusbeelde stel hulle in die plek van die openbaring dat Jesus Christus Here en God is.

Al hierdie Jesus beelde wat geestelikes aanmekaar slaan, het net een drif – dit gee mense die kans om weg te kom van die liefde van God in Christus wat jou aan liefde volgens God se wet vasbind. Die Jesus wat bevryding van onderdrukking bring, bind geen onderdrukte aan gehoorsaamheid aan die owerheid nie. Die Jesus wat net liefde is, verbied geen sondige begeerte nie. Die liefde wat net hoop is, bind geen mens aan God se beskikking nie. Die liefde wat gesondheid is, aanvaar geen siekte of dood nie en die liefde wat rykdom is, verbind geen mens aan diensbaarheid nie. Die liefde wat goddelike krag is, bind geen mens aan ontsag vir God of respek vir mense nie. Die Jesus wat versoening is, bind geen mens gehoorsaamheid aan God se wet nie.

Jesusbeelde wat mense die kans gee ons hulself los te maak van God se liefde sodat hulle nie gebind is aan God se wil hoe om lief te hê nie! Dit is die betekenis van die hele losbandige drif van vrye seks met die slagspreuk – “liefde is net liefde” – bedoelende liefde is net begeertes, nie gehoorsaamheid aan God se wet nie.

Christus is nie die geestelike priesters van hierdie wêreld se bulkalfie of die wettelose massas nie. Hy het nie gekom om vir hulle God se wet weg te vat en te verander sodat hulle vry kan wees om hulleself te wees volgens hulle eie sondige begeertes nie.

Christus het vir ons die wet vervul – Hy maak ons van sonde vry om liefde te kan glo en gee. Hy maak en ons ons gebrekkige liefde vir God reg met sy regverdige lewe wat nie vir Hom getel het nie, sodat ons God vreesloos kan lief hê volgens sy wet. Jesus is nie ons bulkalfie nie. Hy is ons Here en ons God. Ons glo in sy liefde en wil Hom liefhê volgens sy wet. Ons is sy priesters en koninkryk. Ons soek nie Aaron ’s om met hulle Jesusbeelde ons van God te bevry nie.